

# BUITELANDSE VLAGVERTOONBESOEKE AAN SUID-AFRIKAANSE HAWENS (3): DIE EERSTE DEKADE VAN DIE NUWE RSA, 1994-2004

André Wessels<sup>1</sup>

## Summary

*In this, the third of three articles that deals with flag-showing visits by overseas warships ("grey diplomats") to the Republic of South Africa (RSA), a review is given of all such visits that took place from 27 April 1994 to 27 April 2004; i.e. the first ten years of fully-fledged democracy in the country. In the months that followed on the April 1994 elections, a large number of foreign warships, as well as naval support ships, visited South African harbours, an indication that the RSA had indeed been welcomed back by the international community. In 1996 there was even more naval contact, and 1997 – when the South African Navy celebrated its 75<sup>th</sup> birthday – was the busiest naval year in the history of South Africa since 1972. In 1998-9 there was a fall in the number of "grey diplomats" that visited the RSA, but 2000 was another boom year. Since then, every year has brought a relatively large number of foreign warships to the RSA. Since 1994, the RSA is an important role-player in the international arena, especially with regard to African affairs, and the large number of overseas flag-showing visits to South African ports is a clear indication of the country's importance.*

## 1. INLEIDING

In twee vorige artikels<sup>2</sup> is 'n oorsig en ontleding verskaf van die vlagvertoon-besoeke wat (1) vanaf die vestiging van 'n halfwegstasie aan die Kaap in 1652, tot op die vooraand van republiekwording op 31 Mei 1961 deur buitelandse oorlog-skepe (die sogenaamde "grys diplomate") aan Suid-Afrika gebring is en (2) 'n soortgelyke oorsig en ontleding van hierdie tipe besoeke aan Suid-Afrikaanse hawens vanaf republiekwording tot 26 April 1994; dit wil sê die vooraand van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) se eerste volwaardige demokratiese verkiesing.

<sup>1</sup> Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-posadres: wesselsa.hum@mail.uovs.ac.za. Soms is daar geen bronverwysings nie omdat die outeur self hierdie vaartuie in Suid-Afrikaanse hawens gesien het, en soms ook aan boord gegaan het. Die outeur wens in besonder die volgende persone vir hul hulp te bedank ten opsigte van die opspoor van bronne en ontbrekende inligting: skout-adm. (JG) Arné Söderlund; kapt. Bill Rice; me. Helena Prinsloo (S.A. Media-knipseldiens, Universiteit van die Vrystaat); lt.-kdr. Leon Steyn, asook ander persone wie se name in voetnote as inligtingsbronne vermeld word.

<sup>2</sup> **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 31(1), Junie 2006, pp. 81-98 en 31(2), September 2006, pp. 78-102.

In hierdie, die derde van drie artikels oor buitelandse vlagvertoonbesoeke aan Suid-Afrika, word dié tipe besoeke in die periode 27 April 1994 tot 27 April 2004 (met ander woorde die eerste tien jaar van ware demokrasie in die RSA - oftewel die sogenaamde nuwe Suid-Afrika) baie kortliks beskryf (of eerder: gelys) en ontleed. Daar sal aangedui word hoedat daar aanvanklik (1994-7) 'n geweldige toename in die getal besoekende grys diplomate was, maar dat met verloop van tyd daar 'n daling was (1998-9) - en redes daarvoor sal ontleed word. In die slotperspektief sal ook 'n oorkoepelende evaluering van die studie in geheel (dus vanaf 1652 tot 1994) verskaf word.

In onderafdeling 4 van die tweede deel van die studie is aangedui dat die jare 1990-4 in die geskiedenis van die RSA in die teken van dramatiese politieke veranderinge gestaan het. Soos wat partye nader aan 'n politieke skikking beweeg het, en dit selfs vir die mees siniese waarnemer duidelik moes gewees het dat die beleid van apartheid inderdaad iets van die verlede was (al bly die gevolge steeds met die land se mense) en dat die blanke minderheidsregering voorwaar ernstig was om van hul mag afstand te doen, het selfs vóór die verkiesing van April 1994 - wat gelei het tot die bewindsaanvaarding van die RSA se eerste oorheersend swart regering onder leiding van die African National Congress (ANC) - enkele buitelandse oorlogskepe Suid-Afrikaanse hawens besoek. Vanaf April 1994 was daar 'n geweldige toename in die getal besoekers. Deurgaans sal die plaaslike politieke situasie dus verdiskonteer word, soos ook die (post-Koue Oorlog) internasionale milieu waarteen gebeurde in, soos ook besoeke aan, die RSA begryp moet word.

Anders as in die vorige twee dele van die studie, waar aanvanklik bloot eksemplaries te werk gegaan is wat betref voorbeelde van besoekende oorlogskepe en later weliswaar meer voorbeelde verskaf is, sonder om op volledigheid aanspraak te maak (ruimtebeperkings het in elk geval nie toegelaat dat alle besoekende oorlogskepe gelys kon word nie), is gepoog om vir die periode 1994-2004 wel so ver as moontlik al die besoekende grys diplomate te lys. Weer eens laat ruimtebeperkings nie toe dat meer besonderhede verskaf word nie. Dit beteken nie dat die lys inderdaad volledig is nie en die outeur verneem graag van enige ontbrekende besoeke, soos ook van ontbrekende datums en ander inligting.

## **2. DIE GRYS DIPLOMATE STROOM IN, 1994-7**

Teen die einde van afdeling 4 van deel 2 van hierdie studie,<sup>3</sup> is aangedui dat vanaf 1 Januarie tot 26 April 1994 die volgende "grys diplomate" die RSA besoek het:

---

<sup>3</sup> **Ibid.** 31(2), September 2006, pp. 100-1.

- Die Britse fregat **HMS Norfolk** en brandstofaanvullingskip **RFA Grey Rover** (Kaapstad en/of Simonstad, 27 Januarie - 1 Februarie 1994).
- Die Franse patrolliefregat **Germinal** (Kaapstad en Simonstad, 14-21 Februarie 1994).
- Die Brasiliaanse fregat **Niterói** (Walvisbaai, aankoms 28 Februarie 1994).

Daar was geen buitelandse oorlogskepe in RSA-hawens tydens die verkiesing nie, want dit sou ondiplomatieg gewees het om skepe te stuur (asof die verkiesing skeef sou loop en buitelanders verwyder sou moes word),<sup>4</sup> maar dit is interessant dat meer as twee maande verloop het alvorens buitelandse oorlogskepe die RSA na afloop van die verkiesing besoek het, en toe was dit twee ondersteuningsvaartuie wat kom besoek aflê het. Hier volg nou 'n lys oorlogskepe wat die RSA na afloop van die verkiesing van April 1994 tot aan die einde van daardie jaar besoek het:

- Die Franse aanvullingskip **Var**, vlagskip van die Franse vlootmag in die Indiese Oseaan (Kaapstad, 1-8 Julie 1994). Die besoek het saamgeval met die Franse pres. Francois Mitterand se staatsbesoek aan die RSA.<sup>5</sup>
- Die Brasiliaanse navorsingskip **Antares** (Kaapstad, 1-7 Julie 1994).<sup>6</sup>
- Die Russiese ysbreker **Stakhanovets** (Kaapstad, Julie 1994).<sup>7</sup>
- Die Brasiliaanse fregat **Defensora** en doklandingskip **Ceará** (Kaapstad, 30 Julie-2 Augustus 1994). Hulle was onderweg na Mosambiek om 180 Brasiliaanse soldate, plus voertuie, vir 'n Verenigde Nasies (VN)-vredesmag-operasie af te laai.<sup>8</sup>
- Die Brasiliaanse navorsingskip **Antares** (Kaapstad, Augustus 1994).<sup>9</sup>
- Die Deense fregat **Vaedderen** (Kaapstad, 26 Augustus-1 September; Simonstad, aankoms 1 September; Durban, 5-8 September 1994).<sup>10</sup>
- Die Spaanse ligte fregatte **Infanta Elena** en **Infanta Cristina** (Simonstad, 12-14 Oktober; Kaapstad, arriveer 14 Oktober 1994).<sup>11</sup>

---

<sup>4</sup> Daar was wel 'n groot aantal buitelandse waarnemingspanne wat die verkiesing gemonitor het - en tereg kon getuig dat die land se eerste (en grootste) volwaardige demokratiese verkiesing oor die algemeen vry en regverdig was.

<sup>5</sup> **Salut** 1(4), Augustus 1994, p. 31.

<sup>6</sup> **Ibid.**, p. 32.

<sup>7</sup> R Sharpe (red.), **Jane's fighting ships** [hierna vermeld as **JFS**] **1995-96** (Coulsdon, 1994), p. 622.

<sup>8</sup> **Navy News / Vlootnuus** 13, Augustus 1994, p. 4; **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 49(4), Julie-Augustus 1994, p. 8.

<sup>9</sup> **JFS 1997-98** (Coulsdon, 1997), p. 66.

<sup>10</sup> **The Natal Mercury**, 2 September 1994, p. 5 en 6 September 1994, p. 1; **Navy News / Vlootnuus** 13, September 1994, p. 10; **Salut** 1(6), Oktober 1994, p. 30; **Ships Monthly** 29(11), November 1994, p. 24.

<sup>11</sup> **Salut** 1(8), Desember 1994, p. 27; **The Cape Times**, 13 Oktober 1994, p. 7.

- Die Brasiliaanse ligte fregat **Julio de Noronha** en doklandingskip **Rio de Janeiro** (Kaapstad, 13-16 November 1994) - onderweg na Beira om die Brasiliaanse soldate, plus voertuie, wat deel van 'n VN-vredesmag uitgemaak het (kyk *supra*), te gaan haal.<sup>12</sup>
- Die VSA-kruiser USS **Gettysburg** en fregat USS **Halyburton** (Simonstad, 8-10 November; Kaapstad, 10-14 November). Dit was die eerste VSA-vloot-besoek sedert 1967. Maneuvers met die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV)-eenhede het plaasgevind.<sup>13</sup>
- Die Indiese fregat **Gomati** en korvet **Khukri** (Durban, 3-7 Desember; Simonstad, arriveer 9 Desember 1994). Dit was die eerste Indiese vlootbesoek aan Suid-Afrika.<sup>14</sup>
- Die Franse helikopterdraer / opleidingskip **Jeanne d'Arc** en fregat **Germinal** (Kaapstad, 28 Desember 1994-2 Januarie 1995) - tydens 'n vier en 'n half maande opleidingsvaart.<sup>15</sup>

Vanaf 27 April tot 31 Desember 1994 het 17 skepe van sewe lande (21 van agt vanaf 1 Januarie 1994), dus 'n totaal van 11 (14) vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens gebring - gemiddeld ten minste een besoek per maand. Vlootbande met ou vriende is hernu, maar drie lande wat nog nooit tevore oorlogskepe na Suid-Afrika gestuur het nie, en twee wat dit lanklaas gedoen het, het Suid-Afrika in 1994 besoek.

Soos in die verlede was daar ook in 1994 'n paar gewese (uitgediende) grys diplomate wat hul opwagting in Suid-Afrikaanse hawens gemaak het; met ander woorde oorlogskepe wat aan diens onttrek is en na Indië gesleep is om as skroot afgetakel te word, naamlik die Russiese "Kresta II"-klas kruiser **Admiral Isachenkov** (Kaapstad, Julie 1994),<sup>16</sup> "Kresta II"-klas kruiser **Admiral Yumachev** (Kaapstad, 28-29 September 1994)<sup>17</sup> en "Kara"-klas kruiser **Tashkent** (Oos-Kaapse hawe, November 1994, om 'n lekkende romp te herstel).<sup>18</sup>

<sup>12</sup> **Salut** 1(8), Desember 1994, p. 27 en 2(1), Januarie 1995, p. 16.

<sup>13</sup> **Ibid.** 1(8), Desember 1994, pp. 28-9; **Navy News / Vlootnuus** 13, November-Desember 1995, pp. 16-7; **Jane's Navy International** 100(5), September-Oktober 1995, p. 40; **The Cape Times**, 15 November 1994, p. 3.

<sup>14</sup> S.A. Vlootmuseum (Simonstad), lêers in verband met besoekende oorlogskepe: amptelike program van besoek; **Sunday Tribune**, 4 Desember 1994, p. 5.

<sup>15</sup> **Die Volksblad**, 29 Desember 1994, p. 9; **The Natal Mercury**, 29 Desember 1994, p. 3; **Navy News / Vlootnuus** 14, Januarie-Februarie 1995, p. 4.

<sup>16</sup> **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 49(4), Julie-Augustus 1994, p. 10.

<sup>17</sup> **Weekend Argus**, 29 September 1994, p. 6.

<sup>18</sup> Radio-nuusberigte, 26 November 1994.

1995 sal waarskynlik deur die meeste Suid-Afrikaners onthou word as die jaar toe Suid-Afrika die Rugby-wêreldbeker op plaaslike bodem gewen het. Op vloot-diplomasie-gebied was dit egter ook (weer eens) 'n baanbrekerjaar, met die volgende buitelandse vlagvertoonbesoeke wat plaasgevind het:

- Die Britse fregat **HMS Iron Duke** (Kaapstad, 22 Februarie-3 Maart 1995).<sup>19</sup>
- Die Belgiese bevels- en ondersteuningskip **Godetia** (Kaapstad, 1-4 Maart 1995) - tydens 'n opleidingsvaart.<sup>20</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Boudeuse** (Durban, 16 of 17-21 Maart 1995).<sup>21</sup>
- Die Britse koninklike jag HMY **Britannia** (Simonstad, 17-19 Maart; Kaapstad, 20-21 Maart; Durban, 23 of 24-25 Maart; Kaapstad, 28 Maart 1995) - op haar eerste besoek aan Suid-Afrika as koningin (in 1947 was sy bloot 'n prinses), vaar Elizabeth II aan boord van haar drywende tuiste vanaf Simonstad na Kaapstad en word bankette aan boord in hawens gehou (en in Kaapstad op 28 Maart as 'n handelskonferensie-sentrum gebruik, sonder die koningin).<sup>22</sup>
- Die Britse Antarktiese patrollieskip **HMS Endurance** (Kaapstad, tien dae, tweede helfte van Maart 1995). Dit was die eerste keer dat 'n Royal Navy (RN)-ysbreker Suid-Afrika besoek het.<sup>23</sup>
- Die Italiaanse fregat **Scirocco** en korvet **Driade** (Durban, 13-18 April; Simonstad, 20-22 April; Kaapstad, 22-26 April 1995).<sup>24</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Flóreal** (Simonstad, 19-20 April; Kaapstad 20-24 April 1995).<sup>25</sup>
- Die Brasiliaanse fregat **Independencia**, ligte fregat **Jaceguay** en brandstof-aanvullingskip **Almirante Gastão Motta**; Argentynse ligte fregatte **Parker** en **Espora**; Uruguaanse fregat **Uruguay** (Simonstad, 15-19 Mei; Kaapstad, 24-28 Mei 1995). Hulle voer ATLASUR II-maneuvers saam met tien SAV-skepe en een SAV-duikboot uit (in opvolging van ATLASUR I wat in 1993 in Suid-Amerikaanse waters gehou is).<sup>26</sup>
- Die Maleisiese tenklandingskip **Sri Inderapura** (Kaapstad, Mei 1995) - op sy afleweringvaart vanaf die VSA, waar dit tweedehands gekoop is (gewese **USS Spartanburg County**).<sup>27</sup>
- Die Brasiliaanse doklandingskip **Rio de Janeiro** (Kaapstad, Mei 1995).<sup>28</sup>

<sup>19</sup> **Salut** 2(4), April 1995, p. 44.

<sup>20</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, April 1995, p. 9; SABC-TV, nuusbuletin, 1 Maart 1995; **The Argus**, 2 Maart 1995, p. 16; **The Citizen**, 1 Maart 1985, p. 18.

<sup>21</sup> **The Natal Mercury**, 21 Maart 1995, p. 3 en 22 Maart 1995, p. 1.

<sup>22</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, April 1995, pp. 12-3; **Ships Monthly** 30(6), Junie 1995, p. 27.

<sup>23</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, April 1995, p. 2; **Salut** 2(5), Mei 1995, p. 38 en 3(1), Januarie 1996, p. 44.

<sup>24</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, Mei 1995, p. 9; **The Mercury**, 14 April 1995, p. 2; **Tempo**, 14 April 1995, p. 11; **Salut** 2(6), Junie 1995, p. 17.

<sup>25</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, Mei 1995, p. 9.

<sup>26</sup> **Salut** 2(7), Julie 1995, pp. 22-3; **Navy News / Vlootnuus** 14, Julie 1995, p. 15.

<sup>27</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, Junie 1995, p. 5; **JFS 1995-96**, p. 431.

- Die Franse ligte fregat **Premier Maître l'Her** (Simonstad en Kaapstad, 1-12 Junie 1995).<sup>29</sup>
- Die Brasiliaanse opnameskip **Sirius** (Kaapstad, aankoms 23 Junie 1995).<sup>30</sup>
- Die Poolse seilopleidingskip **Iskra** (Kaapstad, aankoms 23 Junie 1995) - die eerste Poolse vlootvaartuig wat Suid-Afrika ooit besoek het.<sup>31</sup>
- Die Japanse kuswagskip **Shikishima** (Kaapstad, 26-29 Junie 1995).<sup>32</sup>
- Die Pakistanse fregat **Zulfiquar** en aanvullingskip **Moawin** (Durban, 26-29 September; Simonstad, 2-5 Oktober 1995)<sup>33</sup> - die eerste volwaardige Pakistanse vlagvertoonbesoek aan Suid-Afrika. Kyk wel ook na duikbootbesoeke, 1968 en 1976.
- Die Nederlandse fregatte **Van Nes** en **Van Galen** (Kaapstad, 6-9 Oktober 1995) - tydens 'n vier-maande opleidingsvaart.<sup>34</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal** en aanvullingskip **Somme** (Durban, 19-23 November 1995).<sup>35</sup>

In die loop van 1995 het 26 skepe van 12 lande dus 'n totaal van 18 vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens gebring - selfs meer as in 1994, teen gemiddeld 1,33 besoeke per maand. Ander maritieme besoekers aan RSA-hawens in 1995 was die voormalige Sowjet/Russiese "Kara"-klas kruiser **Nikolayev** (Durban, Januarie 1995), op pad na Indië om opgebreek te word<sup>36</sup> (kyk ook deel 2 van hierdie studie vir dié skip se vaart om die Kaap, 1983); die Duitse poolnavorsings- en Antarktiese ondersteuningskip **Polarstern** (Kaapstad, Desember 1995),<sup>37</sup> en die vragskip **Pacific Pintail** (bewapen met drie 30 mm kanonne) wat in Maart 1995 met kernafval van wes na oos om die Kaap gevaar het, vanaf Frankryk na Japan.<sup>38</sup> (Kyk ook 1999, *infra*.) Verder is twee konvensionele duikbote by twee verskillende geleenthede aan boord van ander skepe van wes na oos om die Kaap vervoer, naamlik die Volksrepubliek van China se nuwe Russies-geboude "Kilo"-klas duikbote met wimpelnommers 364 (Januarie 1995 om Kaap) en 365 (Oktober 1995 om Kaap).<sup>39</sup> En die Britse kernaangedrewe duikboot HMS **Trenchant** het op 14

---

<sup>28</sup> **JFS 1997-98** (Coulsdon, 1997), p. 65.

<sup>29</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, Julie 1995, p. 4.

<sup>30</sup> **Ibid.**

<sup>31</sup> **Ibid.**, p. 6; **The Mercury**, 22 Junie 1995, p. 5.

<sup>32</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>33</sup> **Salut** 2(12), Desember 1995, p. 16; SAUK radio en TV, verskeie nuusbuletins.

<sup>34</sup> **Salut** 2(12), Desember 1995, p. 17; **Zuid-Afrika** 73(2), Februarie 1996, p. 24.

<sup>35</sup> **The Mercury**, 16 November 1995, p. 5 en 17 November 1995, p. 3; **The Star**, 16 November 1995, p. 5. Die **Somme** het reeds op 16 November aangekom.

<sup>36</sup> **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 51(3), Mei-Junie 1996, p. 11.

<sup>37</sup> **JFS 1997-98**, p. 258.

<sup>38</sup> **Navy News / Vlootnuus** 16(2), 1997, p. 17; **Die Burger**, 27 Februarie 1995, p. 5.

<sup>39</sup> **Navy News / Vlootnuus** 14, November-Desember 1995, p. 24; **JFS 2005-2006** (Coulsdon, 2005), p. 120.

Oktober 1995 van wes na oos om die Kaap gevaar en die SAV-aanvalsvaartuig SAS **Kobie Coetsee** (in 1997 herdoop tot SAS **Job Maseko**) ter see ontmoet.<sup>40</sup>

Teen 1996 was vlagvertoonbesoeke deur buitelandse vlootvaartuie aan RSA-hawens 'n aanvaarde deel van diplomatieke kontak:

- Die VSA-torpedojaer USS **Caron** en fregat USS **Underwood** (Kaapstad, 29 Januarie-2 Februarie; Durban, 5-6 Februarie 1996) wat deelneem aan oefeninge met SAV-eenhede.<sup>41</sup>
- Die VSA se oseanografiese navorsingskip USNS **Thomas G Thompson** (Kaapstad, Maart 1996).<sup>42</sup>
- Die Gaboense tenklandingskip **President el Hadj Omar Bongo** (Kaapstad, 5 April-14 September 1996) wat omvangryke opknapping in Kaapstad ondergaan.<sup>43</sup>
- Die Franse ondersteuningsvaartuig **Rhin** (Kaapstad, 4-9 April 1996).
- Die Franse ligte fregat **Enseigne de Vaisseau Jacoubet** (Durban, 9-17 April 1996).<sup>44</sup>
- Die Russiese Antarktiese ondersteunings- en navorsingskip **Akademik Fedorov** (Kaapstad, April en Junie 1996).<sup>45</sup>
- Die Spaanse seilopleidingskip **Juan Sebastian de Elcano** (Kaapstad, vertrek 9 April 1996) - 'n ongeskeduleerde besoek om stormskade opgedoen tydens 'n vaart oor die Atlantiese Oseaan, te herstel.<sup>46</sup> Kyk ook besoeke van 1947, 1964, 1971 en 1972.
- Die VSA oseanografiese navorsingskip USNS **Knorr** (Kaapstad, April 1996).<sup>47</sup>
- Die Taiwanse fregatte **Cheng Kung** en **Chi Kuang**, en aanvullingskip **Wu Yi** (Kaapstad, 28-30 Mei; Simonstad, 31 Mei-2 Junie; Durban, 5-8 Junie 1996).<sup>48</sup>
- Mauritius se nuwe kuswagpatrollieboot **Vigilante** (Simonstad, 5-8 Junie 1996) - op sy afleweringevaart vanaf Chili.<sup>49</sup> Die heel eerste besoek aan Suid-Afrika deur 'n vlootvaartuig van Mauritius, 'n land wat bloot oor 'n kuswag beskik.

<sup>40</sup> **Navy News / Vlootnuus** 16(2), 1997, pp. 17, 19.

<sup>41</sup> SABC-TV2, nuusbuletin, 18h00, 29 Januarie 1996; **The Mercury**, 6 Februarie 1996, p. 4; **The Argus**, 29 Januarie 1996, p. 4; **Navy News / Vlootnuus** 15, Maart 1996, pp. 14, 16 en Mei-Junie 1996, p. 14; **Salut** 3(3), Maart 1996, p. 22.

<sup>42</sup> **JFS 1997-98**, p. 841. Volgens **Navy News / Vlootnuus** 18(2), 1992, p. 5, het dié besoek in Oktober 1996 plaasgevind.

<sup>43</sup> **Die Burger**, 6 April 1996, p. 3; **Salvo: Armscor's corporate journal** 3, 1997, p. 9.

<sup>44</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>45</sup> Persoonlike waarneming deur die outeur; **JFS 1997-98**, p. 595.

<sup>46</sup> **Die Burger**, 6 April 1996, p. 3; **Navy News / Vlootnuus** 15, Mei-Junie 1996, p. 16; **Salut** 3(6), Junie 1996, p. 35.

<sup>47</sup> **JFS 1997-98**, p. 841.

<sup>48</sup> **Navy News / Vlootnuus** 15, Junie-Julie 1996, p. 13; **Salut** 3(8), Augustus 1996, p. 28.

<sup>49</sup> **Sunday Weekly Argus**, 8-9 Junie 1996, p. 10.

- Die Franse patrollieboot **Albatros** (Kaapstad, 21-26 Junie 1996).<sup>50</sup>
- Die Franse aanvullingskip **Somme** (Simonstad, 5-26 September 1996) wat herstelwerk/opknapping in die droogdok ondergaan.<sup>51</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** (Durban, 19-24 September 1996) - sy susterskip **La Boudeuse** sou ook besoek afgelê het, maar stormweer laat die bevelvoerder van dié skip besluit om na La Réunion (beide skepe se basis) terug te keer.<sup>52</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal** (Durban en Kaapstad, September 1996).<sup>53</sup>
- Die Brasiliaanse fregatte **Niterói** en **União** (Kaapstad, 26-30 September 1996).<sup>54</sup>
- Die Duitse fregatte **Schleswig-Holstein** en **Rheinland-Pfalz**, brandstof-aanvullingskip **Rhön** en ammunieskip **Westerwald** (Kaapstad, 2-7 Oktober; Durban, 11-14 Oktober 1996).<sup>55</sup> Die eerste formele Duitse vlagvertoonbesoek aan Suid-Afrika sedert 1938, toe die ou slagskip **Schleswig-Holstein** Kaapstad besoek het (kyk deel 1 van hierdie studie).
- Die Britse Antarktiese patrollieskip HMS **Endurance** (Kaapstad, 15-21 November 1996).<sup>56</sup>
- Die VSA Military Sealift Command missielbaaninstrumentasieskip USNS **Observation Island** (Kaapstad, 1-2 November 1996).<sup>57</sup>
- Die Duitse seilopleidingskip **Gorch Fock** (Kaapstad, 9-14 Desember 1996).<sup>58</sup>
- Die Britse torpedojaer HMS **Edinburgh** (Durban, 21 Desember 1996-10 Januarie 1997).<sup>59</sup>

'n Ander besoeker aan die RSA in 1996 was die Indiese National Institute of Oceanography se navorsingskip **Sagar Sampada** (Durban, 12-17 Januarie 1996).<sup>60</sup> In totaal het 27 oorlogsskepe van tien lande dus in 1996 'n totaal van 21 vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens gebring - gemiddeld 1,75 besoeke per maand.

---

<sup>50</sup> **JFS 1997-98**, p. 228.

<sup>51</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 5 September 1996; **Navy News / Vlootnuus** 15, Oktober 1996, p. 10.

<sup>52</sup> **The Mercury**, 20 September 1996, p. 2.

<sup>53</sup> S.A. Navy Media Release, 7 September 1998.

<sup>54</sup> **Salut** 3(12), Desember 1996, p. 24; SAPA-nuusberig, 25 September 1996.

<sup>55</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 2 Oktober 1996; **Navy News / Vlootnuus** 15, November-Desember 1996, pp. 14-5; **Salut** 3(12), Desember 1996, p. 24. Die **Rhön** was 12-15 Oktober in Durban.

<sup>56</sup> **Salut** 4(1), Januarie 1997, p. 11.

<sup>57</sup> **JFS 1997-98**, p. 841.

<sup>58</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 9 Desember 1996; **Navy News / Vlootnuus** 16(1), 1997, pp. 11-13.

<sup>59</sup> **The Mercury**, 23 Desember 1996, p. 3 en 10 Januarie 1997, p. 1.

<sup>60</sup> **Ibid.**, 18 Januarie 1996, p. 2; **JFS 1995-96**, p. 291.

In 1997 het die SAV sy 75ste bestaansjaar herdenk (SAV75) en het dié jaar dus die belofte ingehou om 'n besondere vlagvertoonjaar te word. Die eerste buitelandse oorlogskepe om aan te kom (Simonstad, 17 Maart 1997) vir SAV75, maar om tegelykertyd ook eers aan die ATLASUR III-maneuvers deel te neem, was ses skepe van Suid-Amerika:<sup>61</sup>

- Die Brasiliaanse fregat **Constituição**, ligte fregat **Inhaúma** en brandstof-aanvullingskip **Almirante Gastão Motta**.
- Die Argentynse ligte fregatte **Rosales** en **Parker**.
- Die Uruguaanse fregat **Uruguay**.

Verder het ook die volgende oorlogskepe die RSA besoek om almal, saam met 15 SAV-vaartuie, aan die internasionale vlootrevue wat op 5 April 1997 in Tafelbaai gehou is, deel te neem:

- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** en herstelskip **Garonne**.
- Die Indiese opleidingskip **Tir**.
- Die Keniaanse missieldraende aanvalsvaartuie **Nyayo** en **Umoja** - hulle het op 26 Maart eers by Durban aangedoen. Dit was die eerste Afrika-vlootbesoek ooit aan Durban. Onderweg na Simonstad het **Umoja** meganiese probleme ondervind en by Port Elizabeth aangedoen; ook om 'n beseerde matroos by 'n hospitaal te kry.
- Die Maleisiese opleidingskip **Hang Tuah**.
- Die Pakistanse fregat **Babur** en aanvullingskip **Moawin**.
- Die Taiwanse fregatte **Cheng Ho** en **Yueh Fei** en aanvullingskip **Wu Yi**.
- Die Russiese torpedojaer **Nastoychiv** en brandstofaanvullingskip **Lena**.
- Singapoer se tenklandingskip **Perseverance** - 'n voormalige Britse skip wat in 1989 aan diens onttrek is en toe as 'n casino-skip net buite RSA-gebiedswater naby Kaapstad aangewend is, maar met Kaapstad as basis, voor dit in 1992 deur Singapoer gekoop is.
- Die Britse fregat **HMS Chatham**.
- Die VSA-fregat **USS McInerney**.

Al bogenoemde 22 skepe van 13 lande het aanvanklik in Simonstad saamgetrek (die meeste het op 31 Maart aangekom), waarna hulle die nag van 4-5 April na Tafelbaai gevaar het (vir die vlootrevue), en waar hulle almal vanaf die middag van 5 April in Kaapstad vasgemeer was. Vanaf 9 April het die skepe weer huiswaarts vertrek, waarvan sommige (**La Rieuse**, **Hang Tuah**, **Chatham**, **Cheng Ho**, **Yueh**

<sup>61</sup> Wat betref die inligting ten opsigte van ATLASUR III en al die ander oorlogskepe wat die RSA vir SAV75 besoek het, kyk bv. André Wessels Private Dokumentewersameling (Bloemfontein): SAN75 (lêer) en Media Kit; **Die Volksblad**, 2 April 1997, p. 7; **Cape Argus**, 1 April 1997, p. 3 en 4 April 1997, pp. 6, 11; **The Mercury**, 7 April 1997, p. 3; **Die Burger**, 7 April 1997, p. 3; **Sunday Tribune**, 6 April 1997, p. 4; **Navy News / Vlootnuus** 16(3), 1997, pp. 4-7, 10-5 en 16(6), 1997, pp. 18-23; **Salut** 4(6), Junie 1997, pp. 22-7.

**Fei, Wu Yi, Tir, Umoja en Nyayo**) Durban onderweg besoek het, meestal in die periode 10-14 April. Die drie Taiwanse skepe het op die vaart na Simonstad by Oos-Londen (28-30 Maart 1997) aangedoen, terwyl beide die Keniaanse skepe op die terugvaart by Port Elizabeth aangedoen het.

Terwyl SAV75 plaasgevind het, was die Franse bergingsleepboot **Centaure** in die droogdok in Simonstad om herstelwerk te ondergaan. Hou verder in gedagte dat die Franse patrollieboot **La Boudeuse** op 27 Maart 1997 saam met sy susterskip, **La Rieuse**, in Durban aangekom het, maar nie saam met laasgenoemde na Simonstad en Kaapstad gevaar het vir SAV75 nie. In die loop van 1997 het ook die volgende buitelandse oorlogskepe die RSA besoek:

- Die Franse patrolliefregat **Ventôse** (Simonstad, 6-10 Maart 1997).<sup>62</sup>
- Die VSA-olietenkskip **Leroy Grumman** (Kaapstad, April-Mei 1997).<sup>63</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Ventôse** (Kaapstad, 5-12 Mei 1997).<sup>64</sup>
- Die Britse logistieke landingsvaartuie RFA **Sir Galahad** en RFA **Sir Geraint** (Durban, 25 Julie-4 Augustus; Kaapstad, 7-18 Augustus 1997 - **Sir Geraint** tot 22 Augustus in Kaapstad). In Durban is ongeveer 130 voertuie afgelaai om aan oefeninge by die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) se gevegskool te Lohatla deel te neem, waarna die voertuie weer in Kaapstad opgelaai is.<sup>65</sup>
- Die Kanadese fregat HMCS **Halifax** (voor anker in Saldanhaabaai, 8-9 September; Kaapstad, 10-14 September; Simonstad, 17-22 September 1997) - neem deel aan maneuvres met SAV-eenhede. Dit was die eerste Kanadese vlagvertoonbesoek aan Suid-Afrika sedert 1953.<sup>66</sup>
- Die Franse fregat **Floréal** (Kaapstad, 7-12 Oktober 1997).<sup>67</sup>
- Die Duitse fregat **Augsburg** (Simonstad, 5-7 November; Kaapstad, 7-10 November 1997) - die skip is na die Suid-Atlantiese Oseaan gestuur om na wrakke van VSA en Duitse militêre vliegtuie wat op 13 September 1997 gebots het, te soek.<sup>68</sup>
- Die VSA-doklandingskip USS **Whidbey Island** (Kaapstad, 10-15 November 1997) tydens 'n opleidingsvaart.<sup>69</sup>

<sup>62</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>63</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>64</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 6 Mei 1997.

<sup>65</sup> **The Mercury**, 28 Julie 1997, p. 1; inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>66</sup> S.A. Navy Media Release, 1 September 1997; **Navy News / Vlootnuus** 16(5), 1997, p. 4; **Salut** 4(11), November 1997, p. 14.

<sup>67</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>68</sup> **Navy News / Vlootnuus** 17(1), 1998, p. 10; S.A. Navy Media Release, 3 November 1997.

<sup>69</sup> **Navy News / Vlootnuus** 17(1), 1998, p. 8; S.A. Navy Media Release, 7 November 1997.

- Die Franse fregat **Surcouf** (Kaapstad, 1-6 Desember 1997). Frankryk se wapenpakket-aanbod aan die SANW (wat uiteindelik nie aanvaar is nie) is op 2 Desember tydens 'n nuuskonferensie aan boord van dié skip bekend gemaak.<sup>70</sup>
- Die Britse fregat HMS **Monmouth** (Simonstad, 9-15 Desember; Kaapstad, 19 Desember 1997-8 Januarie 1998).<sup>71</sup>

'n Gewese grys diplomaat wat in die loop van 1997 in 'n RSA-hawe was, was die voormalige Brasiliaanse torpedojaer **Sergipe** (Durban, 20-22 Junie), op sleeptou onderweg na Indië om opgebreek te word;<sup>72</sup> en die voormalige Sowjet/Russiese helikopterdraer **Moskva** (Kaapstad, 2-9 Augustus 1996, om 'n gat in romp te herstel), ook onderweg na Indië om opgebreek te word.<sup>73</sup>

1997 was dus inderdaad 'n jaar van meer vlootkontak tussen Suid-Afrika en ander lande as in enige ander jaar onder bespreking in hierdie artikel (en die besigste vlootjaar sedert 1972), met nie minder nie as 35 skepe van 15 lande wat (indien elke land se skeepsbesoeke as onafhanklike besoeke gereken word) 'n totaal van 25 besoeke aan Suid-Afrika gebring het. Besoeke aan meer as een hawe word, soos in die verlede, steeds as één besoek gereken. Die meeste besoeke was, soos gewoonlik, aan Simonstad en/of Kaapstad, maar in 1997 was daar ook 12 oorlogskepe (plus 'n gewese oorlogskip) wat Durban besoek het. Die land se eerste (en tot nog toe enigste) internasionale vlootrevue, het bewys watter besondere betekenis en waarde sodanige vlootbyeenkoms kan inhou. Tevore is al in 1987 (Tafelbaai), 1988 (Mosselbaai) en 1992 (Tafelbaai) vlootrevues in Suid-Afrikaanse waters gehou, maar as gevolg van die land se internasionale isolasie, was daar geen buitelandse oorlogskepe teenwoordig nie. Hoewel die 1997 SAV75-revue nie in omvang vergelyk kan word met byvoorbeeld die Trafalgar 200 International Fleet Review wat op 28 Junie 2005 in die Solent (tussen Portsmouth en die Isle of Wight) in Engeland gehou is nie (en waaraan 112 vlootvaartuie van 36 lande plus ongeveer 60 ander skepe deelgeneem het),<sup>74</sup> was dit 'n baie besondere gebeurtenis. Dit was dan ook die hoogtepunt in 1997, 'n jaar waarin vlagvertoonbesoeke aan die RSA oor die algemeen 'n hoogtepunt bereik het; vanaf 1998 was daar aanvanklik 'n afname in die getal vlagvertoonbesoeke wat deur buitelandse oorlogskepe na die RSA onderneem is.

<sup>70</sup> SABC-TV3, nuusbuletins, 20h00, 1 Desember 1997 en 2 Desember 1997; S.A. Navy Media Release, 25 November 1997.

<sup>71</sup> **Salut** 5(2), Februarie 1998, p. 27.

<sup>72</sup> **The Mercury**, 27 Junie 1997, p. 5.

<sup>73</sup> **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 52(4), Julie-Augustus 1997, p. 2.

<sup>74</sup> André Wessels Private Dokumenteverzameling (Bloemfontein), Portsmouth 28 Junie 2005-3 Julie 2005 (lêer); **Trafalgar 200** (brosjyre, West Moseley, 2005); **Daily Express**, 29 Junie 2005, pp. 4-5; **The News**, 29 Junie 2005, pp. 1-8; **The Witness**, 29 Junie 2005, p. 1; **International Express**, 5 Julie 2005, pp. 4-5; **The Daily Telegraph**, 29 Junie 2005, pp. 1, 4.

### 3. MINDER, HOEWEL STEEDS BEDUIDENDE, INTERNASIONALE BLOOTSTELLING, 1998-2004

Wat militêre sake betref, sal 1998 veral onthou word as die jaar toe die SANW se (vir sommige mense omstrede) wapenpakket deur die Suid-Afrikaanse regering aanvaar is.<sup>75</sup> Die aankondiging in dié verband was egter eers op 19 November 1998 - intussen het dié jaar ook sy kwota buitelandse grys diplomate opgelewer:

- Die Sweedse opleidingskip/mynlêer **Carlskrona** (Simonstad, 5 Januarie; Kaapstad, 7-11 Januarie 1998) tydens 'n drie en 'n half maande opleidingsvaart.<sup>76</sup> Kyk ook dié skip se verbyvaart in Februarie 1993 waarna in deel 2 van hierdie studie verwys is.
- Die VSA-kruiser USS **Port Royal** (Durban, 19-24 Januarie; Kaapstad, 26-31 Januarie 1998).<sup>77</sup>
- Die Franse torpedojaer **Duguay-Trouin**, patrolliefregat **Germinal** en aanvullingskip **Marne** (Durban, 22-27 Januarie 1998) tydens 'n vier en 'n half maande opleidingsvaart. Die besoek aan Durban het saamgeval met 'n besoek aan dié stad deur 'n Franse afvaardiging wat handels-, militêre, kulturele en diplomatieke bande tussen Frankryk en KwaZulu-Natal wou versterk.<sup>78</sup>
- Die Franse fregat **Courbet** (Simonstad, 30 Januarie-3 Februarie 1998).<sup>79</sup>
- Die Britse Antarktiese patrollieskip HMS **Endurance** (Kaapstad, 1-7 April 1998).<sup>80</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** (Durban, 17-20 April 1998).<sup>81</sup>
- Die Franse aanvullingskip **Somme** (Durban, 15-22 Mei 1998, en dan na Kaapstad).<sup>82</sup>
- Die Brasiliaanse hidrografiese opnameskip **Sirius** (Kaapstad, Junie 1998).<sup>83</sup>
- Die Japanse kuswagskip **Shikishima** (Kaapstad, Junie 1998) wat gewoonlik gebruik is om 'n vragskip wat plutonium vervoer, te begelei.<sup>84</sup>
- Die Britse fregat HMS **Cornwall** en olietenskip RFA **Oakleaf** (Port Elizabeth, 29 Mei-1 Junie; Kaapstad, 4-12 Junie 1998) - maneuvers met SAV-eenhede het plaasgevind.<sup>85</sup>

<sup>75</sup> Kyk bv. **Beeld**, 19 November 1998, p. 1; **Die Volksblad**, 19 November 1998, p. 1 en 21 November 1998, p. 9.

<sup>76</sup> **Navy News / Vlootnuus** 17(1), 1998, p. 8; **Salut** 5(3), Maart 1998, p. 27.

<sup>77</sup> **The Mercury**, 21 Januarie 1998, p. 6; **Navy News / Vlootnuus** 17(2), 1998, p. 8.

<sup>78</sup> **The Mercury**, 20 Januarie 1998, p. 2.

<sup>79</sup> S.A. Navy Media Release, 29 Januarie 1998.

<sup>80</sup> S.A. Navy Media Release, 31 Maart 1998; **Navy News** [Brittanje], Junie 1998, p. 13.

<sup>81</sup> **Navy News / Vlootnuus** 17(2), 1998, p. 7.

<sup>82</sup> **Ibid.**

<sup>83</sup> **JFS 1999-2000** (Coulsdon, 1999), p. 67.

<sup>84</sup> **Ibid.**, p. 394.

<sup>85</sup> **The Mercury**, 4 Maart 1998, p. 7; **Through the periscope. South African submarines: the first thirty years. Past and present** (Simonstad, 1999), p. 99.

- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** (Durban, 9-10 September 1998).<sup>86</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal** (Durban, 9-14 September 1998).<sup>87</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Germinal** (Kaapstad, 16-20 November 1998).<sup>88</sup>
- Die Britse fregat HMS **Cumberland** (Durban, 21 Desember 1998-7 Januarie 1999).

Verder het die VSA se vooraf-ontplooiing ("prepositioning") vrag-skepe USNS **Strong Virginian** (12-13 Oktober 1998)<sup>89</sup> en USNS **Watson** (27-30 Desember 1998) Durban besoek.<sup>90</sup> Relatief tot 1997, was 1998 dus inderdaad 'n "stil" jaar wat betref buitelandse vlagvertoonbesoeke aan die RSA met "slegs" 17 skepe van ses lande wat 15 besoeke aan die land gebring het - insluitende nege Franse skepe, waarvan die meeste in die Indiese Oseaan gestasioneer was. In 1999 was daar selfs minder grys diplomate wat die RSA besoek het:

- Die VSA oseaanografiese en atmosferiese navorsingskip USNS **Ronald H Brown** (Kaapstad, 8-11 Februarie 1999).<sup>91</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Boudouse** (Durban, 31 Maart-8 April en 23-26 April 1999) neem deel aan Durban se Festival of the Sea, en vervolgens ook aan "Operation Blue Crane".<sup>92</sup> (Kyk ook volgende inskrywing.)
- Die Indiese patrollieboot **Sujata** (Durban, 13-21 en 23-27 April; Simonstad 29 April-3 Mei 1999) neem saam met bogenoemde Franse patrollieboot en vier eenhede van die SAV deel aan "Operation Blue Crane", waarvan die maritieme komponent 21-23 April 1999 langs die kus van KwaZulu-Natal plaasgevind het, en op 24 April is 'n demonstrasie vir genooidede gaste naby Umhlanga gehou.<sup>93</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal**, patrollieboot **La Rieuse** en aanvullingskip **Var** (Durban, 15-21 September 1999).<sup>94</sup>
- Die Volksrepubliek van China se satellietopspooringskip **Yuan Wang 3** (Durban, 26 Oktober-1 November 1999; dan vir omtrent 'n maand ter see voordat hy ook Kaapstad besoek het, 25 November-2 Desember 1999).<sup>95</sup> Dit was die eerste Rooi Chinese vlootvaartuig wat Suid-Afrika besoek het.

<sup>86</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>87</sup> S.A. Navy Media Release, 7 September 1998.

<sup>88</sup> S.A. Navy Media Release, 13 November 1998; **Die Burger**, 17 November 1998, p. 2.

<sup>89</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>90</sup> **The Mercury**, 27 Januarie 1999, p. 14.

<sup>91</sup> **Navy News** 13(2), 1999, p. 5.

<sup>92</sup> **The Mercury**, 1 April 1999, p. 3 en 14 April 1999, p. 7.

<sup>93</sup> **Ibid.**, 21 April 1999, p. 7 en 28 April 1999, p. 9; **Daily News**, 14 April 1999, p. 1; SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 13 April 1999; **Navy News** 18(4), 1999, pp. 10-15.

<sup>94</sup> **The Mercury**, 15 September 1999, p. 7; **Salut** 6(11), November 1999, p. 30.

<sup>95</sup> **The Mercury**, 27 Oktober 1999, p. 7 en 3 November 1999, p. 5.

- Die VSA-doklandingskip **USS Carter Hall** (Kaapstad, 4-8 November 1999) neem langs die Kaapse weskus deel aan 'n oefening genaamd "Exercise Rampion" met eenhede van die SANW.<sup>96</sup>
- Die Britse fregat **HMS Somerset** en brandstofaanvullingskip **RFA Grey Rover** (Kaapstad, 22 Desember 1999-5 Januarie 2000; **Somerset** daarna 10-11 Januarie 2000 en **Grey Rover** 6-10 Januarie 2000 in Simonstad).<sup>97</sup>

In die loop van 1999 het tien skepe van vyf lande dus sewe vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens gebring. Twee ander gewapende skepe wat in Augustus 1999 van wes na oos om die Kaap gevaar het sonder om 'n RSA-hawe te besoek, verdien interessantheidshalwe vermelding. Hulle was die **Pacific Teal** en **Pacific Pintail** (elk met drie 30 mm kanonne bewapen), wat onder die Britse handelsvlootvlag vaar, en wat in 1999 kernbrandstof vanaf Frankryk na Japan geneem het.<sup>98</sup> (Kyk ook weer die **Pacific Pintail** se vaart van 1995, *supra*.) Verder het die VSA se vooraf-ontplooiingvragerskepe **Altair** (18 Mei en 12 Oktober 1999) en **Cape Wrath** (31 Mei 1999) Durban besoek, en die **Cape Jacob** Kaapstad (10 Augustus 1999).<sup>99</sup>

Relatief tot 1999 was daar in die jaar 2000 'n beduidende toename in die getal buitelandse vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens:

- Die Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** en torpedojaer **Georges Leygues** (Kaapstad, 25 Februarie-1 Maart 2000).<sup>100</sup>
- Die Franse vliegdekskip **Foch**, torpedojaer **Duquesne**, aanvullingskip **Meuse** en instandhoudings- en herstelskip **Jules Verne** (almal behalwe die torpedojaer in Kaapstad, 22-27 Maart; die torpedojaer in Simonstad, 21-27 Maart; die aanvullingskip vroeër ook in Durban, 18-19 Maart 2000).<sup>101</sup> Dit was die sterkste Franse vloottaakmag wat Suid-Afrika tot nog toe besoek het en die eerste besoek van 'n Franse vliegdekskip.
- Die Britse Antarktiese patrollieskip **HMS Endurance** (Kaapstad, 29 Maart-8 April 2000).<sup>102</sup>
- Die Duitse torpedojaer **Lütjens**, fregatte **Brandenburg** en **Emden**, ondersteuningskip **Glücksburg**, ammunisieskip **Odenwald** en brandstofaanvullingskip **Rhön** (Durban, 13-16 April; Kaapstad, 19-25 April; Simonstad, 28 April-1 Mei 2000). Dit was die sterkste Duitse vloottaakmag wat Suid-Afrika tot nog toe besoek het. Die besoek aan Durban val saam met die hawefees, 'n

<sup>96</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 4 November 1999; **Navy News** 18(1), 1999, p. 20.

<sup>97</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 22 Desember 1999; inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn. Die **Somerset** het ook op 7 Januarie 2000 'n kort besoek aan Simonstad gebring.

<sup>98</sup> **The Mercury**, 28 Julie 1999, p. 9.

<sup>99</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>100</sup> S.A. Navy Media Release, Februarie 2000; **African Armed Forces**, Maart 2000, p. 9.

<sup>101</sup> **Navy News** 19(3), 2000, p. 14; etv, nuusbuletin, 20h00, 22 Maart 2000; **Salut** 7(5), Mei 2000, p. 29.

<sup>102</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 29 Maart 2000; S.A. Navy Media Release, Maart 2000.

SAV-konferensie en die Maritime Africa 2000-uitstalling. Maneuvers met SAV-eenhede het ook plaasgevind.<sup>103</sup>

- Die Volksrepubliek van China se torpedojaer **Shenzhen** en aanvullingskip **Nancang** (Simonstad, 10-13 Augustus 2000). Dit was die eerste volwaardige Rooi Chinese oorlogskip-besoek aan Suid-Afrika. Die **Nancang** het in Simonsbaai anker gegooi.<sup>104</sup>
- Die Britse fregat HMS **Argyll** (Kaapstad, 3-11 Oktober 2000).<sup>105</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** en aanvullingskip **Var** (beide arriveer in Simonstad 1 November 2000, waar die **Var** tot 19 November gebly het om herstelwerk te ondergaan, en die **Nivôse** op 3 November na Kaapstad vertrek het vir 'n ses-dag besoek, 3-9 November 2000).<sup>106</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** (Kaapstad, 3-9 November; Durban, 17-20 November 2000).<sup>107</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal** (Durban, 20-24 November 2000).<sup>108</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** (Durban, 24-28 November 2000).<sup>109</sup>
- Die Volksrepubliek van China se satellietopspoorskop **Yuan Wang 3** (Durban, 19-24 Desember 2000).

In 2000 het 'n hele aantal Amerikaanse vooraf-ontplooingskepe ("prepositioning ships") ook by Durban aangedoen (om brandstof en voorrade in te skeep), insluitende USNS **Shugart** (2-4 Februarie 2000),<sup>110</sup> USNS **Cpl Louis J Hauge Jr** (16-17 Maart 2000),<sup>111</sup> USNS **Pvt Franklin J Phillips** (10-11 April 2000), USNS **Strong Virginian** (6 Mei 2000),<sup>112</sup> USNS **Pfc William B Baugh** (19-20 Mei 2000),<sup>113</sup> USNS **Pfc James Anderson Jr** (19-20 Junie 2000),<sup>114</sup> USNS **Yano** (19-22 Junie 2000),<sup>115</sup> USNS **Red Cloud** (derde week van Julie 2000), USNS **Pfc James Anderson Jr** (29 September-1 Oktober 2000), USNS **Pvt Franklin J Phillips** (21-22 Julie 2000), USNS **George K Pine Jr** (ongeveer September 2000), terwyl die USNS **Wilson** Durban ook in die loop van 2000 besoek het - die meeste van die skepe onderweg na of van hul basis te Diego Garcia in die Indiese Oseaan;

<sup>103</sup> **The Mercury**, 7 April 2000, p. 4; **Salut** 7(7), Julie 2000, pp. 22-3; **Navy News** 19(4), 2000, pp. 16-9; **Jane's Navy International** 105(6), Julie-Augustus 2000, pp. 8-9; André Wessels Private Dokumentewersameling, Grys diplomate (lêer): **German Task Group 501.01** (brochure).

<sup>104</sup> **The Mercury**, 16 Augustus 2000, p. 4; **Salut** 7(9), September 2000, p. 19.

<sup>105</sup> **Navy News** 19(6), 2000, p. 34; **Die Burger**, 4 Oktober 2000, p. 13.

<sup>106</sup> **Navy News** 20(1), 2001, pp. 12-3; SABC-TV2, nuusbuletin, 19h00, 1 November 2000.

<sup>107</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>108</sup> SABC-TV2, nuusbuletin, 19h00, 1 November 2000.

<sup>109</sup> **Ibid.**

<sup>110</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>111</sup> **The Mercury**, 15 Maart 2000, p. 4 en 22 Maart 2000, p. 4; inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>112</sup> **The Mercury**, 10 Mei 2000, p. 4.

<sup>113</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>114</sup> **The Mercury**, 14 Junie 2000, p. 5.

<sup>115</sup> **Ibid.**

en **Maj Bernard F Fisher** het Kaapstad besoek (19-23 Januarie 2000).<sup>116</sup> En dan was daar ook die besoek van die Duitse poolnavorsings- en Antarktiese ondersteuningskip **Polarstern** (Kaapstad, Maart 2000).<sup>117</sup>

'n Aantal vlagvertoonbesoeke wat vir 2000 beplan is, is gekanselleer, naamlik dié van die Franse patrolliefregat **Nivôse** (Durban, Februarie 2000)<sup>118</sup> en die VSA-vliegdekskip USS **George Washington** (Kaapstad, September 2000 - die VSA se operasionele behoeftes in die Persiese Golf het 'n besoek verhoed).<sup>119</sup>

In die loop van 2000 het 22 skepe van vier lande (meestal van Frankryk), dus 'n totaal van 11 vlagvertoonbesoeke aan RSA-hawens gebring en dan was daar ook nog ten minste 13 VSA-vooraf-ontplooiingskepe en 'n Duitse navorsingskip wat Suid-Afrika besoek het. In 2001 (die werklike eerste jaar van die nuwe millennium) was daar nie heeltemal soveel grys diplomate as in 2000 wat die RSA besoek het nie, maar dit was nogtans 'n redelik besige jaar:

- Die Volksrepubliek van China se satellietopspoorskip **Yuan Wang 3** (Kaapstad, 19-26 Januarie 2001).<sup>120</sup>
- Die Sweedse opleidingskip/mynlêer **Carlskrona** (Kaapstad, 15-19 Maart 2001).<sup>121</sup>
- Die Britse torpedojaer HMS **Glasgow** en brandstofaanvullingskip RFA **Black Rover** (Simonstad, 10-13 Mei; Kaapstad, 16-25 Mei 2001 - **Black Rover** tot 21 Mei in Simonstad en dan na Kaapstad).<sup>122</sup>
- Die VSA-kuswagpatrollieboot USCGS **Sherman** (Kaapstad, 29 Mei-2 Junie 2001) - die eerste besoek deur 'n VSA-kuswagskip aan Suid-Afrika.<sup>123</sup>
- Die Franse elektroniese waarnemings- en logistieke ondersteuningskip **Bougainville** (Durban, 14-18 Mei; Kaapstad, 23-28 Mei 2001).<sup>124</sup>
- Die Britse torpedojaer HMS **Gloucester** (Durban, 13-19 Julie 2001).<sup>125</sup>
- Die Franse patrollieboot **Albatros** (Kaapstad, 24-27 Julie 2001).<sup>126</sup>

<sup>116</sup> Inligting verskaf deur mnr. Terry Hutson en lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>117</sup> **JFS 2001-2002** (Coulson, 2001), p. 268.

<sup>118</sup> **The Mercury**, 16 Februarie 2000, p. 4.

<sup>119</sup> **Salut** 7(9), September 2000, p. 31.

<sup>120</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>121</sup> **Navy News** 20(3), 2001, p. 10.

<sup>122</sup> **Ibid.**, pp. 12-3; **South African Soldier** 8(4), Augustus 2001, p. 41.

<sup>123</sup> SAN Splashes 08/01, 25 Mei 2001 en 14/01, 22 Junie 2001; **Navy News** 20(4), 2001, p. 18.

<sup>124</sup> **The Mercury**, 6 Junie 2001, p. 4; inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>125</sup> S.A. Navy Media Release, 12 Julie 2001; **The Mercury**, 12 Julie 2001, p. 5.

<sup>126</sup> **JFS 2002-2003** (Coulson, 2002), p. 236; SAS **Protea** line-book.

- Die VSA-doklandingskip USS **Gunston Hall** (Simonstad, 4-7 November 2001). Die besoek is voorafgegaan deur maneuvres met SAV-skepe.<sup>127</sup>
- Die Franse patrollieboot **La Rieuse** (Durban, Simonstad, Kaapstad, Durban - 1-18 Desember 2001) neem aan die soek-en-reddingsoperasie, "Operation Oxide", aan die Kaapse kus deel.<sup>128</sup>
- Die Britse fregat HMS **Montrose** en brandstofaanvullingskip RFA **Grey Rover** (Kaapstad, 20-23 Januarie 2002).<sup>129</sup>

Ander maritieme besoekers van belang aan die RSA in 2001 was onder meer die Franse Antarktiese ondersteunings- en navorsingskip **Marion Dufresne** (Durban, Januarie-Februarie 2001),<sup>130</sup> die Duitse navorsingskip **Meteor** (Kaapstad, Januarie 2001),<sup>131</sup> en die Russiese Antarktiese ondersteunings- en navorsingskip **Akademik Fedorov** (Kaapstad, begin April 2001).<sup>132</sup> Nadat die VSA-torpedojaer USS **Cole** op 12 Oktober 2000 in 'n terreuraanval in Aden (Yemen) beskadig is (17 matrose het gesterf),<sup>133</sup> het die VSA besluit om so ver as moontlik nie lande waar daar 'n ampelike Moslem-verteenwoordiging is, te besoek nie. Dít verklaar waarskynlik waarom die aantal besoeke deur vooraf-ontplooiingskepe aan die RSA in 2001 afgeneem het. Sodanige skepe wat wel Durban besoek het, was USNS **Buffalo Soldier** (derde week van Julie 2001), USNS **Gysgt Fred W Stockham** (6-7 Augustus 2001) en USNS **Cornhusker State** (2-3 Desember 2001).<sup>134</sup> Verder het die **Pacific Teal** en **Pacific Pintail** (elk bewapen met drie 30 mm kanonne) weer eens (kyk ook 1995 en 1999) vanaf Frankryk na Japan om die Kaap (nag van 10-11 Februarie 2001) gevaar met 'n vrag kernkomponente aan boord.<sup>135</sup>

Daar was 'n moontlikheid dat die Australiese fregat HMAS **Canberra** Suid-Afrika ongeveer in April 2001 sou besoek,<sup>136</sup> maar dit het nie gebeur nie. 'n Ander besoek wat (as gevolg van die 11 September 2001-terreuraanvalle) gekanselleer is, is dié wat die VSA-vliegdekskip USS **Enterprise**, kruiser USS **Philippine Sea** en aanvullingskip USS **Arctic** op 21-25 September 2001 aan Kaapstad sou gebring het.

<sup>127</sup> SAN Splashes 37/01, 16 Oktober 2001; SABC-TV3, nuusbuletin, 6 November 2001.

<sup>128</sup> SAN Splashes 39/01, 20 November 2001; etv, nuusbuletin, 19h00, 5 Desember 2001.

<sup>129</sup> **Cape Argus**, 21 Desember 2001, p. 8.

<sup>130</sup> **The Mercury**, 24 Januarie 2001, p. 5.

<sup>131</sup> **JFS 2001-2002**, p. 268.

<sup>132</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 20h00, 2 April 2001.

<sup>133</sup> "USS Cole bombing", <[http://en.wikipedia.org/wiki/USS\\_Cole\\_bombing](http://en.wikipedia.org/wiki/USS_Cole_bombing), 20 Januarie 2007>, 20 Januarie 2007.

<sup>134</sup> Inligting verskaf deur mnr. Terry Hutson.

<sup>135</sup> etv, nuusbuletin, 19h00, 27 Januarie 2001, en ander nuusbuletins.

<sup>136</sup> Inligting verskaf deur mnr. Vic Jeffery, HMAS **Stirling**, Garden Island / Cockburn Sound, West Australia, 8 Julie 2003. Die eerste Australiese vlagvertoonbesoek aan Suid-Afrika in 92 jaar het eers in Julie 2005 plaasgevind toe die fregat HMAS **Anzac** Simonstad en Kaapstad besoek het.

Dié taakmag was reeds onderweg na die RSA toe die aanvalle plaasgevind het en dit het gevolglik omgedraai, terug na die Persiese Golf-gebied.<sup>137</sup>

In 2001 was daar dus tien vlagvertoonbesoeke waaraan 12 skepe van vyf lande deelgeneem het, plus ses besoeke deur ander vaartuie wat vermeldingswaardig is. In 2002 het die SAV sy 80ste verjaardag tydens die jaarlikse Vlootfees in Simonstad herdenk. Die buitelandse oorlogskepe wat dié geleentheid bygewoon het, het bygedra om van 2002 'n besonder aktiewe vlagvertoonjaar te maak:

- Die Volksrepubliek van China se satellietopspooringskip **Yuan Wang 3** (Durban, 8-13 Maart 2002; Kaapstad, 5-11 April 2002).<sup>138</sup>

Die volgende skepe het Simonstad besoek, 20-25 Maart, daarna saam met SAV-skepe aan die ATLASUR V-maneuvers deelgeneem, 25-28 Maart, en toe Kaapstad vanaf 28 Maart-2 April 2002 besoek:<sup>139</sup>

- Die Brasiliaanse duikboot **Tupi**, fregatte **Niterói** en **Bosísio**, en brandstof-aanvullingskip **Almirante Gastão Motta**.
- Die Argentynse ligte fregatte **Spiro** en **Robinson**.
- Die Uruguaanse fregat **Montevideo**.

Verder het ook nog die volgende oorlogskepe die RSA in 2002 besoek:

- Die Britse Antarktiese patrollieskip HMS **Endurance** (Kaapstad, 22 April-1 Mei 2002).<sup>140</sup>
- Die Franse aanvullingskip **Var** (Durban, 13-20 Mei 2002).<sup>141</sup>
- Die Britse brandstofaanvullingskip RFA **Grey Rover** (Simonstad, 30 April-14 Mei; Kaapstad 14-15 Mei 2002).<sup>142</sup>
- Die Nederlandse fregat **Philips van Almonde** (Kaapstad, 19-22 Mei 2002).<sup>143</sup>
- Die Franse patrollieboot **Albatros** (arriveer Kaapstad, 29 Mei 2002).<sup>144</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Floréal** (Durban, 13-17 Junie 2002).<sup>145</sup>
- Die Britse kernaangedrewe duikboot HMS **Splendid** (Simonstad, 17-22 Julie 2002). Dit was die eerste besoek van 'n kernduikboot aan Suid-Afrika sedert HMS **Warspite** se besoek aan die einde van 1974. Nieteenstaande protes deur omgewingsgroepe, het die RSA se National Nuclear Regulator 'n lisensie uitgereik wat dié welwillendheidsbesoek moontlik gemaak het.<sup>146</sup>

<sup>137</sup> SA Navy Info Bulletin 36/01, 24 Augustus 2001.

<sup>138</sup> **The Mercury**, 13 Maart 2002, p. 5; inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>139</sup> **Navy News** 21(3), 2002, p. 17.

<sup>140</sup> **Ibid.** 21(4), 2002, p. 15.

<sup>141</sup> **Ibid.**, p. 7.

<sup>142</sup> Inligting verskaf deur kdr. Brian Stockton.

<sup>143</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>144</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>145</sup> **Navy News** 21(5), 2002, p. 10.

<sup>146</sup> **Ibid.**, p. 16; **The Daily News**, 18 Julie 2002, p. 1.

- Die Franse patrolliefregat **Germinal** (Kaapstad, 9-13 September 2002).<sup>147</sup>
- Die Volksrepubliek van China se satellietopspoorskipe **Yuan Wang 3** (Durban, 12-18 Desember 2002).<sup>148</sup>

In 2002 was daar dus 13 vlagvertoonbesoeke waaraan 17 skepe van sewe lande deelgeneem het - gemiddeld dus net meer as een besoek per maand, plus ook nog 'n aantal ander maritieme besoekers aan Suid-Afrika in 2002 wat vermelding verdien, insluitende die volgende Amerikaanse vooraf-ontplooiingskepe (almal besoek Durban, behalwe die **Virginian**): die USNS **Cornhusker State** (13-14 April), die USNS **1<sup>st</sup> Lt Alex Bonnyman Jr** (27-28 Junie 2002), die USNS **Virginian** (Kaapstad, 23-31 Julie 2002), die USNS **Pfc James Anderson Jr** (arriveer op 13 Augustus 2002<sup>149</sup> en besoek die hawe weer 29-30 November 2002<sup>150</sup>), die USNS **Cpl Louis J Hauge Jr** (22-24 September 2002)<sup>151</sup> en die USNS **Algol** (8-10 Desember 2002);<sup>152</sup> die groot Russiese sleepboot **Nikolai Chiker** (Durban, tweede week van Oktober 2002), wat steeds aan die Russiese vloot behoort het, maar deur die Griekse bergingsmaatskappy Tsavliris gebruik is<sup>153</sup> en die Russiese Antarktiese ondersteunings- en navorsingskip **Akademik Federov** (Kaapstad, vertrek op 4 Desember 2002).<sup>154</sup> En dan het die **Pacific Pintail** (begelei deur sy susterskip **Pacific Teal**) kernafval vanaf Japan na Engeland vervoer en op 19 Augustus 2002 verby die Kaap gevaar.<sup>155</sup>

2003 was nie heeltemal so bedrywig met betrekking tot buitelandse vlagvertoonbesoeke as die vorige jaar nie:

- Die Volksrepubliek van China se satellietopspoorskipe **Yuan Wang 3** (Kaapstad, 8-11 Januarie 2003).<sup>156</sup>
- Die Britse brandstofaanvullingskip RFA **Grey Rover** (Durban, 20-31 Januarie 2003).
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** (Durban, 29 Januarie-22 Februarie 2003) en die herstelskip **Garonne** (Durban, 28 Januarie-22 Februarie 2003).<sup>157</sup>
- Die Belgiese bevels- en ondersteuningskip **Godetia** (Simonstad, 3-9 Maart 2003).<sup>158</sup>

<sup>147</sup> **Die Burger**, 11 September 2002, p. 16.

<sup>148</sup> Inligting verskaf deur mnr. Terry Hutson en lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>149</sup> **The Mercury**, 14 Augustus 2002, p. 5.

<sup>150</sup> **Ibid.**, 11 Desember 2002, p. 6.

<sup>151</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>152</sup> **The Mercury**, 11 Desember 2002, p. 6.

<sup>153</sup> **Ibid.**, 16 Oktober 2002, p. 5.

<sup>154</sup> SABC-TV2, nuusbuletin, 19h00, 4 Desember 2002.

<sup>155</sup> etv, nuusbuletin, 19h00, 19 Augustus 2002.

<sup>156</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>157</sup> T Hutson, "The French navy is in town", <[www.ports.co.za/navalnews/2003\\_01\\_29\\_4708.html](http://www.ports.co.za/navalnews/2003_01_29_4708.html)>, 29 Januarie 2003.

<sup>158</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** en die tenklandingskip **La Grandière** neem deel aan maneuvres met SAV se gevegsteunskip **SAS Outeniqua** in en naby Richardsbaai, die eerste twee weke van April 2003.<sup>159</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** en patrollieboot **La Boudeuse** (Durban, 11-14 April 2003).<sup>160</sup>
- Die Franse aanvullingskip **Marne** (Kaapstad, 17-24 April 2003).<sup>161</sup>
- Die Franse hidrografiese opnameskip **Beautemps-Beaupré** (Kaapstad, Mei 2003).<sup>162</sup>
- Die Franse patrollieboot **Albatros** (Durban, 20 Mei-3 Junie 2003) wat herstelwerk in die drywende droogdok ondergaan asook by die SAV-basis, Salisbury-eiland.<sup>163</sup>
- Die Japanse kuswagskip **Seiun Maru** (Kaapstad, Julie 2003) tydens 'n om-die-wêreld-opleidingsvaart.<sup>164</sup>
- Die Indiese fregat **Trishul** (Durban, 8-11 September 2003) op sy aflewerings/nooiensvaart vanaf St Petersburg in Rusland, waar dit gebou is.<sup>165</sup>
- Die Volksrepubliek van China se satellietopspoorskip **Yuan Wang 3** (Durban, 28 September-2 Oktober 2003; Kaapstad, 18-24 Oktober 2003).<sup>166</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** (Kaapstad, November 2003).<sup>167</sup>
- Die Britse torpedojaer HMS **Glasgow** en die brandstofaanvullingskip RFA **Gold Rover** (Kaapstad, 19 Desember 2003-5 Januarie 2004).<sup>168</sup>

Ander vermeldingswaardige besoekers aan RSA-hawens in 2003 was, onder meer, die VSA Military Sealift Command-skip USNS **Pililaau** (Durban, 20-23 Januarie 2003), die vragskip USNS **Strong Virginian** (Durban, 29 Januarie-2 Februarie 2003), die hyskraanskip USNS **Gopher State** (Durban, 25-27 Julie 2003),<sup>169</sup> die voertuigvragskip USNS **Sgt William R Button** (Durban, 8-9 Augustus 2003),<sup>170</sup> die vooraf-ontplooingskip USNS **2<sup>nd</sup> Lt John P Bobo** (Richardsbaai, einde Oktober 2003),<sup>171</sup> die hoëspoed dubbelrompvaartuig USNS **Swift** (Durban, 3-4 November; Simonstad, 6-7 en 8-9 November; Kaapstad, 7-8 November 2003 op sy

---

<sup>159</sup> **The Mercury**, 9 April 2003, p. 6.

<sup>160</sup> T Hutson, "French navy moves to Durban", <[www.ports.co.za/navalnews/article\\_2003\\_4\\_10\\_0209.html](http://www.ports.co.za/navalnews/article_2003_4_10_0209.html)>, 29 Mei 2003.

<sup>161</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>162</sup> **Navy News** 22(3), 2003, p. 7.

<sup>163</sup> Inligting verskaf deur mnr. Terry Hutson; **The Mercury**, 14 Mei 2003, p. 10.

<sup>164</sup> **Ships Monthly** 38(1), Oktober 2003, p. 4.

<sup>165</sup> **Navy News** 22(5), 2003, p. 10.

<sup>166</sup> **The Mercury**, 1 Oktober 2003, p. 10 en 8 Oktober 2003, p. 10; **Rapport**, 26 Oktober 2003, p. 20.

<sup>167</sup> **Die Burger**, 3 April 2004, p. 3.

<sup>168</sup> **Volksblad**, 20 Desember 2003, p. 2; **Maritime Southern Africa**, Januarie-Februarie 2004, p. 39.

<sup>169</sup> **The Mercury**, 6 Augustus 2003, p. 6.

<sup>170</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>171</sup> **The Mercury**, 5 November 2003, p. 6.

afleringsvaart vanaf Australië)<sup>172</sup> en die nuwe Maleisiese korvet **Kedah** wat aan boord van die **Condock IV** na Maleisië vervoer is om verder toegerus te word, en onderweg na die Ooste Durban (arriveer 6 Mei 2003) besoek het.<sup>173</sup> 'n Ander interessante besoeker aan Durban (ook op sy afleringsvaart), was die groot Indonesiese polisieboot **Bisma** (9 Junie 2003).<sup>174</sup>

In die loop van 2003 het 18 skepe van ses lande dus 'n totaal van 14 vlagvertoon-besoeke aan RSA-hawens gebring. Aangesien hierdie studie eindig na afloop van die eerste tien jaar van volwaardige demokrasie in Suid-Afrika, word vervolgens slegs daardie vlagvertoonbesoeke gelys wat tot en met 27 April 2004 plaasgevind het:

- Die Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** en torpedojaer **George Leygues** (Kaapstad, 9-14 Januarie 2004) - tydens 'n vyf-maande opleidingsvaart in die Atlantiese Oseaan.<sup>175</sup>
- Die Franse patrolliefregat **Nivôse** (Kaapstad, 2-10 April 2004).<sup>176</sup>
- Die Britse Antarktiese patrollieskip HMS **Endurance** (Kaapstad, April 2004).<sup>177</sup>

En dan het die Amerikaanse vooraf-ontplooiingskip USNS **Lt Col Calvin P Titus** Durban besoek (arriveer 12 April 2004).<sup>178</sup>

#### 4. SLOTPERSPEKTIEF

Vir die doeleindes van hierdie studie is nie 'n onderskeid getref tussen seremoniële besoeke (dit wil sê wanneer 'n besoek met volle eerbewyse soos kanonsalute en erewagte gepaard gaan) en operasionele besoeke (dit wil sê nie-amptelike besoeke, byvoorbeeld om aanvulling te doen en/of aan bemanningslede ruskans te bied) nie en word beide genoemde tipe besoeke hier as vlagvertoonbesoeke beskou. Uit hierdie drie-delige studie, waarin 'n oorsig gegee is van buitelandse vlagvertoonvaarte aan Suid-Afrika vanaf die 17de eeu tot 2004 (met die klem op die era na afloop van die Tweede Wêreldoorlog; en in besonder die periode 1994-2004), blyk dit duidelik dat vlootkontak van besondere belang is. Die lande wie se grys diplomate deur die jare heen by Suid-Afrikaanse hawens besoek afgelê het, het dit meestal gedoen omdat daar 'n geruime tyd reeds wedersydse goeie betrekkinge

<sup>172</sup> SABC-TV3, nuusbuletin, 19h00, 4 November 2003; **Navy News** 23(1), 2004, p. 24. Die plan was om 'n nuwe rekord op te stel vir die vinnigste vaart vanaf Durban na Simonstad, maar enjinprobleme en 'n stormsee het verhoed dat dit gebeur.

<sup>173</sup> **The Mercury**, 14 Mei 2003, p. 10; **JFS 2004-2005** (Coulson, 2004), p. 466.

<sup>174</sup> Inligting verskaf deur lt.-kdr. Leon Steyn.

<sup>175</sup> **Saturday Weekend Argus**, 10 Januarie 2004, p. 2.

<sup>176</sup> **Die Burger**, 3 April 2004, p. 3.

<sup>177</sup> **Southern Africa Shipping News** 59(3), Mei 2004, p. 4.

<sup>178</sup> **The Mercury**, 21 April 2004, p. 6.

bestaan het - maar in die periode 1994-2004 was die vlootbesoeke 'n weerspieëling van die feit dat die RSA 'n nuwe era betree het en dat die land voortaan weer normale diplomatieke bande met 'n groot aantal lande wat voorheen die RSA om politieke redes vermy het, sou kon onderhou. Die frekwensie van vlagvertoonbesoeke aan Suid-Afrika was (en is) inderdaad 'n weerspieëling van die land se buitelandse verhoudinge en status.

Waar Tafelbaai en later die Kaapstadse hawe aanvanklik die gewildste bestemming vir buitelandse vlootvaartuie was, het Simonstad dit om praktiese redes met verloop van tyd geword, hoewel Kaapstad steeds baie gewild is. Volgende op die gewildheidslys is Durban, terwyl enkele besoeke ook al aan Port Elizabeth, Oos-Londen, Saldanhabaai en Richardsbaai gebring is. Deur die jare heen was Britse skepe die gereeldste besoekers aan Suid-Afrika. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog en tot aan die begin van die sestigerjare van die twintigste eeu het VSA-skepe ook gereeld hier kom besoek aflê, maar met verloop van tyd het Frankryk toenemend hul skepe hier laat aandoen. Vanaf 1994 doen skepe van 'n groter verskeidenheid lande by RSA-hawens aan, maar steeds min skepe van Afrika-state; laasgenoemde is 'n weerspieëling van hoe swak toegerus die meeste Afrika-state se vlote is.

In die dekade 27 April 1994 tot 27 April 2004 het 204 oorlogskepe van 26 lande 'n totaal van 142 besoeke aan een of meer RSA-hawens gebring, met 1997 die besigste jaar (danksy die SAV se 75ste herdenkingsvieringe). Slegs een ander periode in die geskiedenis van vlagvertoonbesoeke aan Suid-Afrika was besiger, naamlik 1964-1974 (met 1972 se meer as 60 oorlogskipbesoeke die besigste ooit) - maar destyds was dit hoofsaaklik Britse oorlogskepe wat kom besoek aflê het en die sluiting van die Suez-kanaal (1967-1975) het ook veel hiermee te doen gehad. (Kyk deel 2 van hierdie studie.)

Vanaf 1998 is daar 'n afname en later afplating wat betref die getal buitelandse grys diplomate wat RSA-hawens besoek. Hoewel dit nog te vroeg is om gesaghebbende gevolgtrekkings te maak, moet aanvaar word dat die wittebroodperiode 'n geruime tyd reeds verby is: nádat die RSA in April 1994 sy eerste waarlik demokratiese verkiesing ooit gehou het, was baie lande gretig om ou bande te herstel of nuwe diplomatieke betrekkings te smee; tot en met November 1998, toe die regering die aard en omvang van die wapenpakket bekend gemaak het en aangekondig is dat Duitsland nuwe "patrolliekorvette" (fregatte) en duikbote aan die SAV sou verskaf, het talle lande wat potensieële korvet-/fregatverskaffers was, hul ware hier kom toon, maar dit is iets van die verlede. Die RSA moet vandag wys waartoe hy op nasionale en internasionale vlak in staat is - en of dit nog oor die morele meerderwaardigheid wat die gebeure van April 1994 en kort daarna aan die

land gebied het, beskik. Enige onverantwoordelike optrede op internasionale vlak (byvoorbeeld as nie-permanente lid van die VN se Veiligheidsraad), die verkeerde diplomatieke benadering ten opsigte van óf die VSA (en dié enigste supermoondheid ter wêreld se bondgenote), óf die sogenaamde skurkstate (wat onder meer van steun aan terroriste verdink word en/of wat hul nie aan kernwapenbeperkings steur nie) kan die RSA se internasionale posisie ondermyn. (Dit is byvoorbeeld opvallend hoe min VSA-oorlogskepe die afgelope paar jaar by RSA-hawens aangedoen het.) Probleme aan die tuisfront, met spesiale verwysing na misdaad, kan ook 'n negatiewe effek op vlagvertoonbesoeke hê.

Buitelandse vlagvertoonbesoeke hou groot voordele vir 'n land in. 'n Hoë besoekfrekwensie dui nie slegs daarop dat 'n bepaalde land hoë aansien in die internasionale gemeenskap geniet nie, maar hou ook ekonomiese voordele in (byvoorbeeld ten opsigte van die versterking van handelsbande, om nie eens te praat van die geld wat besoekende matrose bestee nie) en dien as gratis publisiteit vir 'n stad (en land) se besienswaardighede. Suid-Afrika (en in besonder die SAV) moet voortgaan om alles moontlik te doen om nie slegs buitelandse grys diplomate na ons hawens te lok nie, maar hulle ook gul te ontvang - soos wat tot nog toe inderdaad die geval was.